



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE  
FEBRUARIE/MAART 2012**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 'n 16 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies deeglik deur en volg hulle noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| <b>VRAAG 1: 40 punte; 25 minute</b> |   |
|-------------------------------------|---|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>  |
| BTW en Voorraadwaardasie            | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b><br>AS1 Konsepte<br>AS7 BTW<br>LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b><br>AS4 Bereken en waardeer voorrade<br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| <b>VRAAG 2: 45 punte; 25 minute</b> |  |
|-------------------------------------|--|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>   |
| Vervaardiging                       | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b><br>AS1 Vervaardigingskonsepte<br>LU2 <b>Bestuursrekeningkunde</b><br>AS2 Produksiekostestaat<br>AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt<br>LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b><br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| <b>VRAAG 3: 80 punte; 45 minute</b>                                  |  |
|--|--|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>                                      | <b>Leeruitkomst gedek:</b>   |
| Maatskappykonsepte, Vastebate-nota, Finansiële State en Ouditverslag | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b><br>AS1 Konsepte<br>AS5 Finansiële state<br>AS6 Ouditverslae<br>LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b><br>AS3 Bateverkope<br>AS5 Professionele liggame |

| <b>VRAAG 4: 60 punte; 40 minute</b>                              |   |
|--|---|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>                                  | <b>Leeruitkomst gedek:</b>  |
| Verdelingsrekening, Kontantvloeietaat, Verhoudings en Vertolking | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b><br>AS5 Finale rekeninge, finansiële state en ontleding en vertolking van finansiële state |

| <b>VRAAG 5: 45 punte; 25 minute</b> |  |
|-------------------------------------|--|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>   |
| Kontantbegroting en Besigheidetiek  | LU2 <b>Bestuursrekeningkunde</b><br>AS3 Ontleed en vertolk 'n Kontantbegroting<br>LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b><br>AS5 Etiek<br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| <b>VRAAG 6: 30 punte; 20 minute</b>   |  |
|---------------------------------------|--|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>       | <b>Leeruitkomst gedek:</b>   |
| Debiteureversoening en Interne Beheer | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b><br>AS4 Versoening en vertolking<br>LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b><br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

**VRAAG 1: BTW EN VOORRAADWAARDASIE****(40 punte; 25 minute)****1.1 BTW****GEVRA:**

Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woorde of syfers neer te skryf. (Kies by VRAAG 1.1.3 en 1.1.4 uit die woorde wat tussen hakies gegee word.)

- 1.1.1 Die letters 'BTW' staan vir ... (2)
- 1.1.2 In Suid-Afrika word BTW teen ...% gehef. (2)
- 1.1.3 BTW, deur 'n besigheid op die verkoop van goedere en dienste ingevorder, word as (BTW-inset/BTW-uitset) beskou. (2)
- 1.1.4 In die grootboek wys 'n (debiet/krediet)-saldo op die (BTW-inset/BTW-uitset/BTW-kontrole)-rekening die finale bedrag wat aan SAID betaal moet word. (4)
- 1.1.5 'n Voorraaditem is gekoop vir R26 200, uitsluitende BTW. Die BTW-bedrag op hierdie item is R... (2)
- 1.1.6 'n Voorraaditem is verkoop vir R39 900, insluitende BTW. Die BTW-bedrag op hierdie item is R... (2)

**1.2 VOORRAADWAARDASIE**

Jy word van inligting met betrekking tot Mzansi Handelaars voorsien. Thami Mzansi is die eienaar van die besigheid. Hierdie besigheid verkoop een soort selfoon en hulle finansiële jaar eindig op 31 Desember. Die besigheid gebruik die EIEU-metode om hulle voorraad te waardeer en hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel.

**GEVRA:**

- 1.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad volgens die EIEU-metode op 31 Desember 2011. (6)
- 1.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 31 Desember 2011:
- Koste van verkope
  - Bruto wins
- Jy mag 'n Handelsrekening opstel om jou met die berekeninge te help. (9)
- 1.2.3 Gebruik die syfers wat hierbo bereken is om die winsopslag-% op kosprys te bereken. (5)
- 1.2.4 Verwys na die winsopslag-% hierbo bereken. Lewer kommentaar of hierdie winsopslag-% in 2011 vir Mzansi Handelaars voordelig was. Let daarop dat die bruto wins R400 000 en die winsopslag 75% in die vorige finansiële jaar was. (6)

**INLIGTING:**1. **Voorraad van selfone:**

Die voorrade was soos volg aan die begin en einde van die finansiële jaar:

| Datum            | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde |
|------------------|----------------|-------------|---------------|
| 1 Januarie 2011  | 450            | R530        | R238 500      |
| 31 Desember 2011 | 280            | ?           | ?             |

2. **Aankope van selfone:**

Gedurende die finansiële jaar, geëindig 31 Desember 2011, is die volgende voorraaditems aangekoop:

| Datum 2011    | Aantal eenhede | Kosprys per eenheid | Totale aankope    | Vraggeld per eenheid | Totale vraggeld |
|---------------|----------------|---------------------|-------------------|----------------------|-----------------|
| 30 April      | 600            | R550                | R330 000          | R30                  | R18 000         |
| 30 Junie      | 900            | R600                | R540 000          | R30                  | R27 000         |
| 30 Sep.       | 500            | R530                | R265 000          | R30                  | R15 000         |
| 30 Nov.       | 200            | R620                | R124 000          | R30                  | R6 000          |
| <b>Totale</b> | <b>2 200</b>   |                     | <b>R1 259 000</b> |                      | <b>R66 000</b>  |

3. **Terugstuur van selfone:**

Mzansi Handelaars was nie gelukkig met die prys van die aankope op 30 Junie 2011 nie. Hulle het dus 100 selfone aan die verskaffer teruggestuur. Die verskaffer het hulle met die kosprys van elke item, uitsluitende die vraggeld, gekrediteer.

4. **Verkoop van selfone:**

2 270 eenhede teen R900 elk = R2 043 000

**LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO**

**VRAAG 2: VERVAARDIGING****(45 punte; 25 minute)**

Die inligting hieronder is geneem uit die finansiële rekords van Easy Wear Vervaardigers waarvan Miriam Naidoo die eienaar is. Die besigheid vervaardig sweetpakke in een styl. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2011.

**GEVRA:****2.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.5 D.

2.1.1 Die lone wat aan die fabriekskoonmaker betaal word, word as ... geklassifiseer.

- A direkte-arbeidskoste
- B administrasiekoste
- C indirekte-arbeidskoste
- D grondstofkoste

2.1.2 Primêre koste word soos volg bereken:

- A Direkte-arbeidskoste + fabrieksbokoste
- B Direkte-arbeidskoste + direktemateriaalkoste
- C Direktemateriaalkoste + fabrieksbokoste
- D Verkoopskoste + administratiewe koste

2.1.3 Watter EEN van die volgende word as 'n fabrieksbokoste beskou?

- A Indirekte arbeid
- B Kantoortelefoon
- C Verkoopspersoon se salaris
- D Advertering

2.1.4 Vaste koste per eenheid word soos volg bereken:

- A Primêre koste ÷ aantal eenhede geproduseer
- B Totale vervaardigingskoste ÷ aantal eenhede geproduseer
- C Totale vaste koste x aantal eenhede geproduseer
- D Totale vaste koste ÷ aantal eenhede geproduseer (8)

2.2 Verwys na Inligting C hieronder.

Bereken die waarde van direkte-arbeidskoste wat in die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 sal verskyn. (5)

- 2.3 Verwys na Inligting B en D. Die besigheid het 4 200 sweetpakke gedurende die jaar vervaardig. Daar was geen goedere-in-bewerking aan die begin of aan die einde van die jaar nie. Bereken die volgende:
- 2.3.1 Die totale produksiekoste van klaarprodukte (5)
- 2.3.2 Die eenheidskoste van produksie (per sweetpak) (3)
- 2.4 Verwys na Inligting B. Miriam vra dat jy die beheer oor grondstowwe moet ondersoek.
- 2.4.1 Bereken die getal meter grondstofmateriaal wat waarskynlik in die produksieproses vermors is. (6)
- 2.4.2 Daar was geen diefstal in die besigheid nie. Gee TWEE voorbeelde van hoe die vermorsing kon plaasvind en gee Miriam in elke geval raad oor hoe om die probleem op te los. (8)
- 2.5 GELYKBREEKPUNT
- 2.5.1 Verwys na Inligting D. Bereken die gelykbreekpunt vir die 2011 finansiële jaar. (6)
- 2.5.2 Die gelykbreekpunt vir 2010 was 2 250 eenhede. Behoort Miriam tevrede of ontevrede te wees met die gelykbreekpunt vir 2011, wat hierbo bereken is? Verduidelik. (4)

**INLIGTING:****A. Produksie:**

|   |               |
|---|---------------|
| Aantal sweetpakke verlede jaar vervaardig | 4 500 eenhede |
| Aantal sweetpakke hierdie jaar vervaardig | 4 200 eenhede |

**B. Grondstowwe:**

|  | <b>GETAL METER<br/>MATERIAAL</b> | <b>TOTALE<br/>KOSTE</b> |
|--|----------------------------------|-------------------------|
| Beginvoorraad  | 1 150 meter                      | R28 750                 |
| Aankope  | 17 920 meter                     | R456 960                |
| Grondstowwe aan die fabriek uitgereik vir vervaardiging  | 16 120 meter                     | R403 000                |
| Eindvoorraad   | 2 950 meter                      | R82 710                 |
| <b>Gebruik:</b><br>Miriam het 'n studie van die vervaardigingproses gemaak en ontdek dat 3,6 meter materiaal nodig is om een sweetpak te vervaardig. |                                  |                         |



C. **Miriam het die volgende persone in diens:**

| Besonderhede                      | Getal werkers | Totale koste van indiensneming, insluitende voordele vir die jaar | Oortyd (jaar)            |               |
|-----------------------------------|---------------|---|--------------------------|---------------|
|                                   |               |   | Uur                      | Koers per uur |
| Werknemers in die produksieproses | 5             | R65 000 per werknemer   | 180 uur (elke werknemer) | R70           |
| Fabrieksvoorman                   | 1             | R125 000  | -                        | -             |
| Verkoopspersoon                   | 1             | R72 000   | -                        | -             |

D. **Ontleding van totale koste en eenheidskoste:**

|                                | 2011       | 2011        | 2010        |
|--------------------------------|------------|-------------|-------------|
|                                | Totaal     | Per eenheid | Per eenheid |
| Verkoopprys                    | R1 470 000 | R350,00     | R350,00     |
| <b>Veranderlike koste:</b>     | R892 500   | R212,50     | R184,60     |
| Direktmateriaalkoste           | ?          | ?           | R63,30      |
| Direkte-arbeidskoste           | ?          | ?           | R82,20      |
| Verkoop- en verspreidingskoste | ?          | ?           | R39,10      |
| <b>Vaste koste:</b>            | R 317 100  | R75,50      | R73,54      |
| Fabrieksboekoste               | ?          | R53,50      | R53,04      |
| Administrasiekoste             | ?          | R22,00      | R20,50      |

**VRAAG 3: MAATSKAPPYVERSLAGDOENING****(80 punte; 45 minute)****3.1 KONSEPTE**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

- 3.1.1 Verdienste deur aandeelhouders is gelyk aan netto wins voor belasting. (2)
- 3.1.2 Daar word ook na netto bedryfsbates as netto bedryfskapitaal verwys. (2)
- 3.1.3 'n Maatskappy is 'n wettige entiteit en daarom is sy finansiële sake onafhanklik van die finansiële sake van die aandeelhouders. (2)
- 3.1.4 Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik vir die opstel van interne beheermaatreëls van 'n maatskappy. (2)

**3.2 INKOMSTESTAAT EN VASTE BATES**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Prime Beperk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2012.

**GEVRA:**

- 3.2.1 Stel die Inkomstestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2012. (46)
- 3.2.2 Voltooi die Vastebatenota op 28 Februarie 2012. (16)

**INLIGTING:****1. Syfers geneem uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2012**

|   |           |
|---|-----------|
| Gewone aandelekapitaal (R10 per aandeel)    | 3 200 000 |
| Vaste deposito                              | 280 000   |
| Voertuie                                    | 780 000   |
| Toerusting                                  | 350 000   |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie   | 468 000   |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 105 000   |
| Handelsvoorraad                             | 325 000   |
| Debiteurekontrole                           | 65 000    |
| Voorsiening vir oninbare skulde             | 3 700     |
| Verbandlening van Quick Bank (12% p.j.)     | 440 000   |
| Verkope                                     | 2 900 000 |
| Debiteureafslag                             | 18 500    |
| Koste van verkope                           | 1 650 000 |
| Huurinkomste                                | 200 700   |
| Rente op verbandlening                      | 126 000   |
| Direkteursfooie                             | 315 000   |
| Ouditfooie                                  | 30 000    |
| Salarisse en lone                           | 372 000   |
| Verbruiksgoedere                            | 62 500    |
| Bankkoste                                   | 7 200     |
| Diverse uitgawes                            | 30 000    |
| Oninbare skulde                             | 1 500     |

**2. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING**

- A. Handelsvoorraad voorhande volgens 'n fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2012 het R318 500 beloop.
- B. Die voorraadopname het ook getoon dat verbruiksgoedere ter waarde van R60 000 gebruik is.
- C. Die volgende inskrywings het op die Februarie-bankstaat verskyn, maar is nog nie in die boeke van die maatskappy opgeteken nie:
- Bankkoste, R3 600
  - 'n Direkte deposito deur 'n debiteur wat in die vorige finansiële jaar as oninbaar afgeskryf is, R1 900
- D. Die rekening van H Howard, 'n debiteur, moet as oninbaar afgeskryf word, R1 000.
- E. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R3 200 aangesuiwer word.
- F. Die rente op die lening vir Februarie 2012 is nog nie ingeskryf nie en geen betaling vir Februarie is gemaak nie. Rente word gekapitaliseer.
- G. Die besonderhede van 'n werknemer, T Shube, wat vanaf 1 Februarie 2012 in diens is, is uit die Salarisjoernaal vir Februarie weggelaat. Die besonderhede van sy salaris is soos volg:

| Bruto Salaris | Aftrekkings |               |     | Bydrae        |     |
|---------------|-------------|---------------|-----|---------------|-----|
|               | LBS         | Pensioenfonds | WVF | Pensioenfonds | WVF |
| 10 500        | 1 890       | 840           | 160 | 420           | 80  |

**LET WEL:** Alle bydraes word as deel van salarisse en lone aangetoon.

- H. 'n Voertuig is op 31 Desember 2011 vir R95 500 verkoop. Die besonderhede van die vastebateregister is soos volg:
- Kosprys, R180 000
  - Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die finansiële jaar, R72 000
  - Waardeverminderingkoers teen 20% p.j. teen kosprys
- Hierdie verkoop is nog nie opgeteken nie.
- I. Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:
- Op voertuie teen 20% p.j. op kosprys
  - Op toerusting teen 15% p.j. op die verminderdesaldo-metode
- Nuwe toerusting vir R32 000 is op 1 September 2011 aangekoop. Hierdie aankope is nog nie opgeteken nie.
- J. Die huurinkomste is met R900 per maand vanaf 1 November 2011 verhoog. Die huurder het nog nie huur vir Februarie 2012 betaal nie.
- K. Inkomstebelasting word teen 30% van die netto wins bereken.

**3.3 OUDITVERSLAG:**

- 3.3.1 Verduidelik wat die rol van die onafhanklike ouditeur is. (2)
- 3.3.2 Noem TWEE persone behalwe die aandeelhouers wat in die auditverslag sal belangstel en gee 'n rede vir hulle belangstelling. (6)
- 3.3.3 Verduidelik waarom dit vir 'n onafhanklike ouditeur belangrik is om aan 'n professionele liggaam soos SAIGR ('SAICA') te behoort. (2)

**LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO**

**VRAAG 4: FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY (60 punte; 40 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Ambrosio Beperk vir die jaar geëindig 31 Desember 2011.

**GEVRA:**

- 4.1 Stel die Verdelingsrekening van Ambrosio Bpk. op 31 Desember 2011 op. (13)
- 4.2 Verwys na die onvoltooide Kontantvloeistaat wat in Inligting 8 voorsien word. Bereken slegs die ontbrekende syfers wat deur **(a)** tot **(e)** in die Kontantvloeistaat van Ambrosio Bpk. op 31 Desember 2011 aangedui word. Die ander ontbrekende syfers word NIE gevra NIE. (15)
- 4.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Desember 2011:
- 4.3.1 % bedryfsuitgawes op verkope (3)
- 4.3.2 Solvensieverhouding (4)
- 4.3.3 Skuld-ekwiteitverhouding (3)
- 4.4 Lewer kommentaar op die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy vir die jaar geëindig 31 Desember 2011. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) met betrekking tot die Inkomstestaat aan om jou kommentaar te staaf. (6)
- 4.5 Sal die aandeelhouers gelukkig wees met die opbrengs, verdienste en dividende vir die jaar geëindig 31 Desember 2011? Verduidelik. Haal DRIE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) of syfers met betrekking tot die Inkomstestaat aan om jou kommentaar te staaf. (12)
- 4.6 Die hoof uitvoerende beampte (HUB) voel dat dit 'n goeie idee sal wees om volgende jaar die lenings te vermeerder. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om sy mening te staaf. (4)

**INLIGTING:****1. Uittreksel uit Inkomstestaat vir jaar geëindig 31 Desember 2011**

|                                  |           |
|----------------------------------|-----------|
| Verkope                          | 9 900 000 |
| Bedryfsuitgawes vir die jaar     | 2 475 000 |
| Bedryfsinkomste vir die jaar     | 3 597 000 |
| Waardevermindering op toerusting | 99 000    |
| Waardevermindering op voertuie   | 115 500   |
| Rente-uitgawe                    | 148 500   |
| Netto wins voor belasting        | ?         |
| Inkomstebelasting                | 916 550   |

2. **Balansstaat op 31 Desember 2011**

|   | 2011             | 2010             |
|---|------------------|------------------|
| <b>BATES</b>  |                  |                  |
| Tasbare/Vaste bates                                       | 5 953 000        | 5 692 500        |
| Finansiële bates  | ?                | ?                |
| Voorrade  | 660 000          | ?                |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae                      | ?                | 681 000          |
| Kontant en kontantekwivalente                             | ?                | -                |
| <b>TOTALE BATES</b>                                       | <b>8 031 000</b> | <b>7 301 250</b> |
|   |                  |                  |
| <b>EKWITEIT EN LASTE</b>                                  |                  |                  |
| Gewone aandeelhoudersbelang                               | 6 673 000        | 5 148 000        |
| Gewone aandeelkapitaal                                    | 5 478 000        | 4 620 000        |
| Behoue inkomste   | 1 195 000        | 528 000          |
| Nie-bedryfslaste<br>(Verbandlening: Viva Bank (14% p.j.)) | 600 000          | 1 039 500        |
| Handels- en ander betaalbare bedrae                       | 758 000          | 915 750          |
| Oortrokke bankrekening                                    | -                | 198 000          |
| <b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>                           | <b>8 031 000</b> | <b>7 301 250</b> |

3. **Aandele uitgereik:**

|   |                   |
|---|-------------------|
| 2 310 000 gewone aandele op 1 Januarie 2011         | R4 620 000        |
| 390 000 gewone aandele uitgereik op 1 Januarie 2011 | 858 000           |
| 2 700 000 gewone aandele op 31 Desember 2011        | <u>R5 478 000</u> |

4. **Dividende:**

Nuwe aandele is aan die begin van die finansiële jaar uitgereik.

Die direkteure het dividende soos volg verklaar:

- Tussentydse dividende van 33 sent
- Finale dividende van 20 sent

(Punt 5: Sien volgende bladsy.)

5. **Tasbare/Vaste bates:**

|                           | <b>2011</b> | <b>2010</b> |
|---------------------------|-------------|-------------|
| Grond en geboue           | 4 950 000   | 4 537 500   |
| Toerusting teen drawaarde | 495 000     | 429 000     |
| Voertuie teen drawaarde   | 508 000     | 726 000     |

**Die volgende veranderinge het in terme van tasbare/vaste bates plaasgevind:**

- Voertuie is gedurende die jaar teen drawaarde verkoop. Dit is korrek aangeteken. Die kosprys van hierdie voertuie was R350 000 en die opgehoopte waardevermindering was R247 500 op die datum van verkope.
- Nuwe toerusting is gedurende die jaar aangekoop.
- Grond en geboue is gedurende die jaar aangekoop.

6. **Handels- en ander betaalbare bedrae sluit die volgende in:**

|                           | <b>2011</b>    | <b>2010</b>    |
|---------------------------|----------------|----------------|
| Handelskrediteure         | ?              | 397 650        |
| Aandehouers vir dividende | 540 000        | 485 100        |
| SAID (Inkomstebelasting)  | ?              | 33 000         |
|                           | <b>758 000</b> | <b>915 750</b> |

7. **FINANSIËLE AANWYSERS:**

Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

|  | <b>2011</b> | <b>2010</b> |
|--|-------------|-------------|
| Bedryfsuitgawes op verkope               | ?           | 18%         |
| Bedryfswins op verkope                   | 11,3%       | 14%         |
| Netto wins na belasting op verkope       | 21,3%       | 26,8%       |
| Skuld-ekwiteitverhouding                 | ?           | 0,2 : 1     |
| Opbrenge op gemiddelde aandehouersbelang | 35,5%       | 37%         |
| Verdienste per aandeel                   | 78 sent     | 85 sent     |
| Dividende per aandeel                    | 53 sent     | 60 sent     |
| Opbrenge op kapitaal aangewend           | 47,0%       | 44,2%       |
| Solvensieverhouding                      | ?           | 3,4 : 1     |
| Bedryfsverhouding                        | 1,7 : 1     | 1,3 : 1     |
| Vuurproefverhouding                      | 1,1 : 1     | 0,6 : 1     |



8.

| <b>KONTANTVLOEISTAAT OP 31 DESEMBER 2011</b>        |                  |
|---|------------------|
| <b>Kontantgevolge van bedrijfsactiviteiten</b>      | <b>542 250</b>   |
| Kontant uit bedrijfsactiviteiten gegeneerd          | ?                |
| Rente betaald                                       | (148 500)        |
| Dividende betaald                                   | (a)              |
| Inkomstebelasting betaald                           | ?                |
| <b>Kontantgevolge van beleggingsactiviteiten</b>    | <b>(631 750)</b> |
| Aankoop van vaste bates                             | (b)              |
| Opbrengs uit verkoop van vaste bates                | (c)              |
| Verandering in financiële bates                     | ?                |
| <b>Kontantgevolge van financieringsactiviteiten</b> | <b>385 500</b>   |
| Opbrengs uit uitreik van aandelen                   | 825 000          |
| Terugbetaling van langtermynlening                  | (439 500)        |
| <b>Netto verandering in kontantekwivalente</b>      | <b>(d)</b>       |
| <b>Kontantekwivalente – begin van jaar</b>          | <b>(198 000)</b> |
| <b>Kontantekwivalente – einde van jaar</b>          | <b>(e)</b>       |

**VRAAG 5: KONTANTBEGROTING EN BESIGHEIDETIEK (45 punte; 25 minute)****5.1 FEETFIT SKOENGROOTHANDELAARS**

Jy word voorsien van 'n onvoltooide Kontantbegroting wat vir die drie maande geëindig 28 Februarie 2012 opgestel is. John Smith is die eienaar van hierdie besigheid.

**GEVRA:**

- 5.1.1 Bereken die syfers wat deur A–E in die Kontantbegroting aangedui word. (5)
- 5.1.2 Die onthaaluitgawes is met 15% met effek vanaf 1 Januarie 2012 verhoog. Bereken die onthaaluitgawes vir Januarie 2012. (3)
- 5.1.3 Die huurinkomste het vanaf 1 Januarie 2012 toegeneem. Bereken die % verhoging in die huurinkomste vir Januarie 2012. (3)
- 5.1.4 Alle debiteure betaal na 30 dae min 5% korting. Bereken die verwagte ontvangste van debiteure vir Januarie 2012. (6)
- 5.1.5 Alle voorraad gedurende die maand verkoop, word in dieselfde maand vervang. Die winsopslag op goedere aangekoop, is 50% op kosprys. Bereken die verwagte betalings vir die aankoop van voorraad vir Februarie 2012. (5)
- 5.1.6 As interne ouditeur ontdek jy dat die werklike onthaaluitgawes vir Desember 2011, R35 000 beloop het. Verdere ondersoek toon dat die eienaar gedurende Desember op 'n sakereis gegaan het. Sy gesin het hom vergesel en 'n gedeelte van hulle uitgawes is by die R35 000 ingesluit. Noem TWEE punte wat in die interne ouditeursverslag aan John Smith ingesluit behoort te word. (4)
- 5.1.7 Volgens 'n artikel in die plaaslike koerant word aantygings gemaak dat Feetfit Skoengroothandelaars die omgewing besoedel deur hulle afval in 'n nabygeleë veld te stort.
- Verduidelik hoe die eienaar op hierdie artikel sou reageer. (2)
  - Indien die aantygings waar is, hoe behoort die eienaar die probleem te hanteer? (2)
  - Dit kan die Kontantbegroting op verskeie maniere in die toekoms beïnvloed. Verduidelik waarom die eienaar, John Smith, hieroor bekommerd behoort te wees. (3)

**INLIGTING:**

| <b>Kontantbegroting</b>                  | <b>2011<br/>Desember</b> | <b>2012<br/>Januarie</b> | <b>2012<br/>Februarie</b> |
|--|--------------------------|--------------------------|---------------------------|
| <b>VERWAGTE ONTVANGSTE</b>               |                          |                          |                           |
| Kontantverkope (80% van totale verkope)  | 432 000                  | 420 000                  | 360 000                   |
| Invorderings van debiteure               | 109 250                  | ?                        | 99 750                    |
| Huurinkomste                             | 9 000                    | 9 810                    | 9 810                     |
| Bateverkope                              | ?                        |                          |                           |
| Kapitaal                                 |                          |                          | ?                         |
| Rente op vaste deposito                  |                          | ?                        | ?                         |
|  | <b>625 000</b>           | <b>580 000</b>           | <b>475 000</b>            |
| <b>VERWAGTE BETALINGS</b>                |                          |                          |                           |
| Aankoop van voorraad (alles vir kontant) | 360 000                  | 350 000                  | ?                         |
| Onthaaluitgawes                          | 10 000                   | ?                        | ?                         |
| Salarisse en lone                        | 55 000                   | 55 000                   | ?                         |
| Telefoon                                 | ?                        | ?                        | ?                         |
| Onttrekkings                             | 15 000                   | 8 000                    | 8 000                     |
| Terugbetaling van lening                 | 10 000                   |                          |                           |
| Rente op lening                          | 250                      |                          |                           |
| Vaste deposito                           |                          | 60 000                   |                           |
|  | <b>573 000</b>           | <b>625 000</b>           | <b>637 000</b>            |
| Kontantsurplus/-tekort                   | 52 000                   | (45 000)                 | <b>C</b>                  |
| Kontant aan die begin van die maand      | 43 000                   | <b>A</b>                 | <b>D</b>                  |
| Kontant aan die einde van die maand      | <b>95 000</b>            | <b>B</b>                 | <b>E</b>                  |

## 5.2 PROBLEEMOPLOSSING

Feetfit Skoengroothandelaars verkoop hulle produkte aan Shoe Connect Winkels. Philip Frame is die eienaar van Shoe Connect Winkels. Philip het DRIE verskillende takke wat deur Alfred, Temba en Katy bestuur word.

Hy is bekommerd dat die takke nie effektief bedryf word nie en hy voorsien aan jou die volgende syfers vir die maand van Februarie 2012.

### GEVRA:

Philip ontdek dat die verkope vir die drie takke soos volg is:

| TAK NR. 1<br>(ALFRED) | TAK NR. 2<br>(TEMBA) | TAK NR. 3<br>(KATY) |
|-----------------------|----------------------|---------------------|
| R270 000              | R360 000             | R170 000            |

Behalwe die verskille in verkope, identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak. Haal syfers aan om die probleem geïdentifiseer, te ondersteun. Gee in elke geval aan Philip raad oor hoe om die probleem op te los.

(12)

### INLIGTING:

|   | TAK NR. 1<br>(ALFRED) | TAK NR. 2<br>(TEMBA)  | TAK NR. 3<br>(KATY)   |
|---|-----------------------|-----------------------|-----------------------|
| Terugsendings van klante vir die maand                        | R28 000               | R36 000               | R34 000               |
| Advertensies  | R10 000               | R10 000               | R5 000                |
| Termyn van voorraad voorhande                                 | 60 dae                | 120 dae               | 20 dae                |
| Huuruitgawe vir die maand (afhangende van grootte van winkel) | R40 000               | R20 000               | R20 000               |
| Getal winkelassistente in diens                               | 7                     | 6                     | 4                     |
| Besigheidsure per dag   | 10                    | 8                     | 10                    |
| Dae gedurende die week gewerk                                 | Maandag tot<br>Sondag | Maandag tot<br>Vrydag | Maandag tot<br>Sondag |

**LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO**

**VRAAG 6: DEBITEUREVERSOENING EN INTERNE BEHEER (30 punte; 20 minute)**

Crystal Handelaars verkoop glasware vir kontant en op krediet. Alhoewel hulle kredietvoorwaardes 60 dae is, begroot hulle met die verwagting dat 80% van debiteure hierdie voorwaardes sal nakom.

**GEVRA:**

Bestudeer die gegewe inligting en beantwoord die vrae wat volg.

- 6.1 Verduidelik waarom die Debiteurekontrolerekening met die Debiteurelys ooreen behoort te stem. (2)
- 6.2 Verduidelik TWEE prosesse wat die boekhouer moet volg indien hy/sy 'n verskil tussen die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys in die Debiteuregrootboek ontdek. (4)
- 6.3 Bereken die volgende:
- 6.3.1 Die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening soos op 31 Maart 2011 (5)
- 6.3.2 Die korrekte bedrae verskuldig deur die volgende debiteure van Crystal Handelaars: (12)
- R Jansen
  - S Wonder
  - P Collins
- 6.4 Aan die einde van Februarie het die debiteure se ouderdomsontleding die volgende gereflekteer:

| TOTAAL   | HUIDIG  | 30–60<br>DAE | 61–90<br>DAE | MEER AS 90 DAE |
|----------|---------|--------------|--------------|----------------|
| R201 200 | R35 300 | R22 800      | R78 000      | R65 100        |

- 6.4.1 Beheer Crystal Handelaars hulle debiteure op 'n doeltreffende manier? Verduidelik deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf. (3)
- 6.4.2 Verduidelik TWEE maatreëls wat 'n besigheid kan instel om die invordering van fondse vanaf debiteure te verbeter. (4)

**INLIGTING:**

- Saldo van Debiteurekontrolerekening op 31 Maart 2011, R200 000
- Saldo's volgens Debiteuregrootboek op 31 Maart 2011:

|               |                 |
|---------------|-----------------|
| M Carey       | R64 500         |
| R Jansen      | R41 200         |
| S Wonder      | R23 000         |
| C Dion        | R51 500         |
| P Collins     | R7 900          |
| <b>TOTAAL</b> | <b>R188 100</b> |

3. Die volgende foute en weglatings is ontdek en moet reggestel word:
- A. Die Debiteurejoernaal se totaal is met R2 600 te veel opgetel.
  - B. 'n Faktuur uitgereik aan S Wonder vir R1 800 is nog nie in die boeke van Crystal Handelaars aangeteken nie.
  - C. Goedere op krediet verkoop aan P Collins is foutiewelik na die rekening van R Jansen oorgeboek, R8 300.
  - D. 'n Faktuur uitgereik aan P Collins vir R6 000 is na die verkeerde kant van sy rekening oorgeboek.
  - E. 'n Tjek van R13 500, wat oorspronklik van R Jansen ontvang is om 'n faktuur van R15 000 te vereffen, is deur die bank teruggestuur as gevolg van onvoldoende fondse. Geen inskrywings is nog gemaak nie.
  - F. Goedere op krediet verkoop aan S Wonder vir R5 800 is korrek in die Debiteurejoernaal aangeteken, maar foutiewelik as R8 500 na S Wonder se rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

|    |
|----|
| 30 |
|----|

**TOTAAL: 300**